DIE GELOOFWAARDIGHEID VAN DIE SKRIF

deur Prof WD Jonker

Tot in die 17de eeu was dit 'n algemene oortuiging dat die Bybel as die onfeilbare Woord van God nie net in geloofsake nie, maar ook wat die geskiedenis en die natuurkunde betref, geopenbaarde waarheid bevat. Die kulturele breuk wat egter toe ingetree het, het die korrektheid van dié siening onder druk geplaas en vir die omgang met die Bybel ingrypende gevolge gehad.

1. *Die moderne era het 'n einde gemaak aan die wêreld- en geskiedenisbeeld waarvan tevore aanvaar is dat dit deur die Bybel geleer word.*

Die insigte van Kopernikus, Galilei en andere het die oortuiging gevestig dat die wêreldbeeld wat in die Bybel veronderstel word, wel aan die naïewe waarneming van die mens beantwoord, maar wetenskaplik onhoudbaar is.

So is vasgestel dat die wêreld om die son draai en nie omgekeerd nie, en dat die skepping nie, soos op grond van die Bybelse geslagsregisters en jaartalle bereken is, sowat 4000 jaar voor Christus plaasgevind het nie. Die besef het deurgebreek dat die aarde nie die middelpunt van die heelal is nie, maar een van die kleiner planete in 'n oneindige heelal.

Newton se ontdekking van die swaartekrag as beheersende beginsel van die heelal het die grondslag gelê vir 'n nuwe meganiese, kousale en geslote wêreldbeeld, wat skynbaar geen ruimte vir die ingrype van God gelaat het, of vir die wonders wat 'n integrale deel van die Bybelse gedagtewêreld is nie.

2 *Hierdie ontwikkelinge het meegebring dat die kerk minder meganies oor die inspirasie van die Bybel begin dink het.*

Daar is vroeër op 'n baie meganiese wyse oor die inspirasie gedink, asof die Heilige Gees die woorde van die Bybel aan die skrywers gedikteer het. Alle historiese en geologiese mededelings en verwysings wat in die Bybel voorkom, is as geopenbaarde waarheid aanvaar. Dit kon in die nuwe situasie nie meer gehandhaaf word nie.

Die besef het deurgedring dat die outeurs van die Bybel mense van hulle tyd was wat die opvattings van hulle tyd oor historiese en natuurkundige sake gedeel het. Die goddelike inspirasie het hulle nie daaruit gelig nie, maar hulle in staat gestel om die boodskap van God as Skepper, Onderhouer en Verlosser binne hulle verwysingsraamwerk onfeilbaar te verkondig. Daarmee is hulle verwysingsraamwerk egter nie as geopenbaarde waarheid vir alle tye vasgelê nie.

Hierdie insig het meegebring dat oor die wyse van inspirasie minder meganies gedink moes word, om ruimte te maak vir die onderskeiding tussen die goddelike boodskap van die Bybel en die tyd- en kultuur-bepaalde vorm waarin dit deur die diens van mense verkondig is. In die sg *organiese* teorie oor die inspirasie word aanvaar dat die Bybelskrywers as mense van hulle tyd deur die Gees in diens geneem is om die kennis aangaande God en die verlossing op 'n onfeilbare wyse te boek te stel, maar tog op 'n wyse wat deur hulle tyd en kultuur gestempel is.

3. *Die kerk moes homself egter nie net afgrens teen 'n meganiese opvatting van die inspirasie nie, maar ook teen modernistiese opvattings insake die Skrif.*

Die modernistiese teologie sien die Bybel as 'n menslike godsdienstige geskrif wat soos enige ander historiese dokument krities gelees en beoordeel moet word. Die geloof aan die inspirasie van die Bybel maak plek vir die idee dat die Bybel die produk van menslike mitiese en religieuse denke is. Die geloofwaardigheid en gesag van die Bybel is daarmee ernstig aangetas.

In die 19de eeu is daaroor 'n intense stryd in die kerke gevoer. Namate die modernisme ingang in die kerke gevind het, is hulle geestelike krag bedreig en groot verdeeldheid het ontstaan. Verskeie afskeidings het plaasgevind in 'n poging om aan vrysinnige tendense te ontkom.

Dit is merkwaardig dat die Skrif homself dwarsdeur alles bly handhaaf en telkens weer deur sy inherente geloofwaardigheid die kerk tot nuwe lewe en geloof geïnspireer het. Die groot vraag het egter gebly hoe die geloofwaardigheid van die Skrif ook teologies in die nuwe situasie verdedig moes word.

4. *Die kerk het geweier om die meganiese wêreldbeeld tot norm vir die geloof te maak, omdat dit die wonder ontken wat juis vir die Bybelse verkondiging wesenlik is.*

Die modernistiese benadering van die Skrif werk met 'n geslote wêreldbeeld wat geen plek vir Gods wonders het nie. Dit tas noodwendig die heilsboodskap van die Bybel aan. Al Gods heilsdade waarvan die opstanding van Christus die hoogtepunt is, is wonders wat die menslike begrip te bowe gaan. Wie die wonder uitskakel, kan op geen manier meer reg laat geskied aan wat die Bybel ons oor die krag van gebed, verlossing, die opstanding en die ewige lewe leer nie.

Daarom moes kerk en teologie duidelik leer onderskei tussen wetenskaplike kennis wat deur redelike insig en navorsing verkry kan word, en die kennis van God en die heil wat in sy Woord geopenbaar word en tot die ewige lewe lei.

Die kerk wys nie die wetenskaplike interpretasie van die werklikheid as sodanig af nie, maar bepaalde konklusies wat daaruit getrek word. Die nut daarvan vir die beheersing van die skepping word aanvaar, maar dit kan geen laaste antwoorde bied wat die geheimenis van die bestaan as sodanig betref nie. Dit kan nooit die geloof in God vervang of antwoorde op die diepste vrae van mens en wêreld bied nie. Dáárvoor moet ons na die Bybel luister.

5. *Tog moes die kerk leer om die eie-aard en doel van die Bybel beter te onderskei.*

Die stryd rondom die Bybel het kerk en teologie duideliker leer insien dat die Bybel nie aan ons gegee om ons die dinge te leer wat deur die wetenskap bestudeer kan word nie, maar om ons te leer wie God is, wat sy verhouding tot die wêreld en wat sy wonderdade in die verlossing van sondaars is.

Slegs die Skrif kan ons dit leer. Onder die mag van die Heilige Gees konfronteer die Skrif ons op sodanige wyse met God self, dat ons onsself nie daaraan kan onttrek nie. Buite die Skrif om kan 'n mens nooit tot ware kennis van God kom nie.

Die doel van die Skrif is om ons die kennis by te bring wat tot verlossing deur die geloof in Christus lei (2Tm 3:15). Daarop het die geloofwaardigheid van die Skrif betrekking. Met die oog dáárop is die Bybel die gesagvolle Woord van God wat noodsaaklik, duidelik en genoegsaam is.

6. *Die Bybel as Woord van God dra 'n menslike karakter.*

Die boeke van die Bybel dra elkeen 'n eie karakter en opset. Dit het oor eeue heen ontstaan. Lank nie alles daarin lê op dieselfde vlak nie. Die Bybel bevat geskiedenisse, verhale, liedere, spreuke, wette en profesieë. Dit vorm 'n koor van stemme wat aangaande God en sy heil getuig.

Die Bybel het nie uit die hemel geval nie. Dit is deur mense geskryf wat wel deur die Heilige Gees geïnspireer en teen dwaling bewaar is, maar nie uitgelig is uit hulle tyd en situasie nie. Die Bybel het ontstaan binne 'n bepaalde kulturele klimaat met 'n ander belewing van die werklikheid en historiese korrektheid as dié van die moderne Westerse mens. Dit stel ons soms voor probleme. Nogtans is die Skrif as geheel duidelik en God self met sy gesagvolle boodskap kom daarin na ons om ons tot geloofsgehoorsaamheid te roep.

7. *Juis só is die Bybel Gods onfeilbare Woord.*

Die Heilige Gees het die Bybelskrywers as sy organe gebruik om Gods waarheid te verkondig op 'n wyse wat by hulle voorstellingswêreld en kulturele agtergrond gepas het. Anders sou dit vir hulle tydgenote onverstaanbaar gewees het.

Hulle metode van geskiedskrywing was anders as dié van moderne Westerlinge. Dit gaan soms minder om historiese akkuraatheid as om 'n profetiese duiding van die geskiedenis. Soms word bepaalde gedagtes in 'n gelykenis-vorm ingeklee, of is die grense tussen 'n gelykenis-verhaal en 'n geskiedenis-verhaal vloeiend.

As ons aanvaar dat die Bybel Gods onfeilbare Woord is, beteken dit nie dat die voorstellingswêreld en kulturele agtergrond van die Bybelskrywers vir ons normatiewe gesag ontvang, net omdat dit in die Bybel figureer nie. Dit beteken wel dat die Bybel in sy ware bedoeling duidelik, betroubaar en onfeilbaar is, omdat dit ons leer om mens en wêreld, geskiedenis en toekoms in die lig van God te verstaan.

Al is die wyse waarop die taal en kultuur van die Bybelskrywers in diens geneem is, nie vir ons deursigtig nie, glo ons nogtans dat die Bybel in sy geheel deur die Gees geïnspireer is en aan die doel beantwoord om God te openbaar en die heil van mens en wêreld deur Jesus Christus onfeilbaar te verkondig.